Ps. 54:1 Ges. 154: 2.

**Die Betekenis van 'n Godshuis**

Gen. 28: 10 - 22

Inwyding Kerk Dalview 10 Okt. '59

Inw. Saal Claremont 8 Des. '68

Gen. 28: 17b - Dit is hier niks anders as 'n huis van God nie!

Vergun my om a.d. begin my opregte dank te betuig aan u as leraar en Kerkraad vir die groot voorreg om by geleentheid van hierdie inwyding van u Kerk + saal hierdie feesrede te hou. Daardeur word ons op 'n besondere manier gebind aan hd. gemeente. Ontvang dan ook ons hartlike gelukwense dat u as jong gemeente (1957 gestig) na so 'n kort tyd u eie Godshuis en Kerksaal feestelik in gebruik kan neem.

Baie van u het die korrespondensie + kommentaar in een van ons dagblaaie gevolg oor die vraag of dit nodig is om so baie Kerke so naby mekaar te bou waar ons so baie fondse nodig het vir ander noodsaaklike behoeftes. // Dit herinner ons a.d. feit dat Jakob 'n klip i/d grond plant en die plek noem Bet-el: huis v. God; dat Salomo in sy gebed by d. inwyding v.d. tempel sê: „Die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het!" Dis waar dat Jesus a.d. Sam. vrou sê dat daar 'n uur kom wanneer d. ware aanbidders die Vader nie in Jerus., ook nie in Samaria, ... in gees en waarheid sal aanbid. (vide Stefanus).

God is dus nie gebonde aan 'n gebou om sy gemeente te ontmoet, te bewaar en te vernuwe nie. Trouens, die Skrif voorspel baie duidelik dat i/d laaste v.d. dae die verdrukking van Gods Kerk so kwaai sal wees dat daar geen georganiseerde Kerk meer sal wees nie - baie Kerkgeboue gesluit of gesloop!

A.d.a.k. wil ons met groot erns beklemtoon dat 'n Kerkgebou 'n besondere betekenis kan hê vir

'n gemeente, afgesien van die gemeensk. besieling om dit te laat bou. Die regte gebruik van 'n kerk en saal kan 'n groot en seënryke geest. uitwerking hê op beide leraar, kerkraad en gemeente. Nooit mag ons vergeet: elke kerkgebou staan daar as simbool van 'n gedagte, 'n waarheid wat wortel in die ewigheid!

Maar om dit te verkry moet ons verstaan wat Gods Wd. vra en vermag van 'n Godshuis:

(1) Huis van gebed: Toe God in die aangrypende droom aan ~~Salomo~~ Jakob verskyn het d. nag i.d. veld in d. hemelse visioen, was Jakob se eerste reaksie om 'n altaar op te rig – as teken van diepe aanbidding voor God – ^Salomo: tempel 'n bedehuis – Xtus self sê a.d. onrustes i.d. tempel: „Die huis van my Vader moet 'n huis van gebed genoem word .."

Voor alles moet elke Kerkgebou dus 'n gebedsgebou wees, 'n plek van aanbidding, van persoonlike ontmoeting met God – 'n ontmoetingspunt waar God en sy gemeente saamverbind word. Hiermee moet d. hele inrigting en karakter v.d. erediens sodanig wees dat elkeen wat binnekom moet aanvoel: Hier spreek God. Van die 1e oomblik dat die votum weerklink tot d. seënbede dit sluit moet alles: lofsange, [illegible] belydenis, boodskap & offergawe getuig van gebed: aanroeping van God, belydenis v. skuld, smeking & voorbidding. Die vreugde en nood v.d. hele kerk v Xtus, die Xdom, elke Xten word saamgetrek in hd. gebed voor God!

→ Waar die leraar en gemeente dit begryp, daar sal: a) ons huise huise v gebed word, ons altare gebedsaltare b) gemeentebiduur d. kragstasie v.d. gemeente se geest. lewe word!

→ Hoe sien u hd. huis: hier 'n huis v gebed?

(2) Huis van getuienis: Die oomblik toe Jakob 'n pers. ontmoeting m. God gehad het dd. nag in d. Godshuis v.d. natuur, het hy 'n bask. gehad om aan ander mee te deel. // Waar Gods Wd verkondig word in die betoning van die krag v.d. H. Gees, daar herleef die ampte: die gelowige ontdek sy godgegewe roeping van profeet, priester, koning; die ouderling en diaken kry 'n nuwe visie van sy heerlike taak, die sondaar kry 'n nuwe lig van vergifnis van skuld & sonde – en daar word elke Kerkgebou 'n bron van lig, van krag, van hoop, van 'n opstanding uit d. dood en 'n nuwe ewigheidslewe.

As God waarlik sy gemeente ontmoet het in sy huis, as Hy persoonlik tot elke hart gespreek het, dan gebeur daar iets: mense se lewes verander, geharde sondaars kom tot bekering, wanverhoudinge word reggestel, haat word vervang deur liefde en selfsug deur diens! (Vb. Jakob se ontmoeting). En waar so iets gebeur kan dit nie verborge bly nie – dit word nuus, dié nuus v.d. dag: dan ontdek die wêreld dat hd. mense 'n boodskap het, 'n getuienis wat spreek! Dan begin mense sê: ons bemerk iets anders as waaraan ons gewoond is. Ons merk dit aan die mense se houding, hulle woorde, hulle lewes! Hier een – gestol ~~gesteek~~: nou seën hy; gesteel – nou werk hy; skelm besigheid – nou eerlik; gedrink – nou sober; gespot – nou bid hy!

→ U gemeente: het Brakpan dit nie nodig nie: kragtige getuienis van Geesvervulde lewes wat uitkom in woord en daad! Die oprigting van 'n Godsgebou verbreed u verantwd – maar dit vermeerder u skuld as u versuim!

(3) Huis van gemeenskap: Jakob sien alles nog net as 'n persoonlike verhouding tussen God en hom — eers by sy terugkeer by die Jabbok het hy maar ontdek dat geen suiwer gemeenskap tussen God en sy kind moontlik as gemeenskap tussen kind v God & kind v God nie suiwer is (Esau sy broer) Xtus Jesus sowel as die apostels lê geweldig klem op die waarheid van gemeenskap, broederskap, as brug van aanraking met God in Sy huis! (Efese 4: ) Gemeenskap met God lei altyd tot gemeenskap met gelowiges — met mekaar as kinders van God!! As ons daar geen lewende, kragtige band v. gemeensk. geloof (12 arts) en liefde is wat ons aan mekaar bind nie, dan bewys dit net dat ons nie d. geloof en liefde het wat ons aan God bind nie!

Hd. gemeenskap openbaar hom in die rykste verskeidenheid: gemeenskap in gebede; gemeenskap in diens a. d. Here; gemeenskap met ander in hulle siekte, armoede, verlorenhd en verlatenheid, gemeenskap in hulle versoekinge en stryd teen moedeloosheid, teen onreinheid, teen haatdraendheid ...

Hd. gemeenskap is nie net 'n geestel. waarheid, 'n teoretiese belydenis van Sondae (Gees. 52) nie — 'n dit sal hom duid. openbaar as dit eg is, in 'n daelbewuste daad: gelowiges sal mekaar opsoek, na sonde en besoek, rykeres sal armeres help, verlostes sal aan - sonde - verslaafdes help — ...

→ In die beoefening van hd. gemeenskap, om dit gestalte te laat kry, is 'n kerk en 'n saal 'n kragtige hulp, is 'n klein gemeente 'n ryke seën. ~~Allein as~~ Sodra wanneer ons kerk hd. gemeenskap in eke gemeente uitleewe, bewys en bevestig, sal ons onderwind: kerkbesoek sal verbeter, bydraes sal styg, sendingywer sal groei, armes sal versorg word, verwaarloosdes sal bekeer word en sondaars sal terugkom na God!

Mag hd. huis sò 'n Godshuis wees!